

Spieëltjie, spieëltjie, aan die wand...

Eksodus 19:1-6 & Eksodus 20:1-17; Rom 9:30-10:4

Inleiding

- “Spieëltjie, spieëltjie aan die wand... wie's die mooiste in die land?”
- Dis wat die stiefma vir 'n tower spieëltjie vra
 - in die fabel van Sneeuwitjie.
 - Hierdie spieëltjie is 'n tower spieëltjie,
 - veral omdat dit net die waarheid praat.
- En die moeilikheid het begin die dag toe
 - die stiefma nie hou van die waarheid wat die spieëltjie oor haar praat nie...
 - dat sy nie so mooi is as wat sy dink nie...
 - dat daar iemand baie mooier is.
- Wat sou jy maak as jy waarheid oor jousef hoor, waarvan jy nie hou nie?
 - Vies?
 - Bly?!
- Wel, jy gaan nou uitvind!
 - Die 10 gebooie van God werk amper soos daardie spieëltjie:
 - Dit praat ook net die waarheid.
 - Oor God, oor jou... en oor Jesus.

Agtergrond van Eks 20

- Die pad wat God met Abraham, Isak, Jakob en Josef in Genesis gestap het,
 - en die beloftes wat Hy gemaak het,
 - was vol stof van die verlede.

 - Die Israeliete was vir 400 jaar in Egipte as slawe sonder 'n woord van God.

- Hoofstuk 1-18 van Eksodus vertel van die eerste 3 maande waar God weer 'n pad met hulle begin stap het.
 - Hier, met een ding na die ander leer God hulle net eers dat Hy is die God wat red.
 - Hy red hulle uit Egipte,
 - Hy red hulle van honger met manna en kwartels,
 - Hy red hulle van dors met water uit 'n klip,
 - Hy red hulle van die son met wolke,
 - Hy red hulle as hulle aangeval word....
 - maar... hulle kén die God wat red, nog nie.

- So, drie maande na Israel uit Egipte is, is dit tyd dat hulle God leer ken.
 - Israel het in Egipte gewoon met letterlik 100'e valse afgode.
 - 'n Afgod vir omtrent elke situasie en elke dorp.
 - Maar Wie en Wat is hierdie enigste God regtig?
 - Wat is sý waarheid?
 - Hoe lyk Hy?
 - Wat is sy karakter?
 - en... Hoekom is Hy besig met ons?

- In Eksodus 19:1-6 sê God Hy wil juis nou iets hieraan doen:

“19 Presies drie maande na hulle uittog uit Egipte het die Israeliëte in die Sinaiwoestyn aangekom. ²Nadat hulle van Refidim af vertrek het, het hulle kamp opgeslaan in die Sinaiwoestyn, regoor die berg. ³Moses het teen die berg uitgeklim na God toe, en die Here het van die berg af na hom geroep:

“So moet jy vir die nageslag van Jakob sê, vir die Israeliëte vertel:

⁴‘Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het. ⁵⁻⁶As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, ’n koninkryk wat My as priesters **dien**, en ’n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israeliëte moet vertel.”

- God sê op hierdie manier dieselfde wat Hy eintlik vir Abraham-hulle gesê het:
 - Ek is nou julle God...
 - en ...Ek het werk vir julle:
 - almal Priesters wat my dien, ...want
 - soos julle aan my gehoorsaam is in ’n verhouding
 - gaan die wêreld leer wie ek is
 - Anders gestel:
 - Mense wat my nie ken nie
 - gaan my leer ken
 - deur hoe julle lewe.
- En hoe gaan dit gebeur?
 - Met die Spieëltjie van die 10 gebooie.
 - Die Tien dinge wat soos die spieëltjie in die fabel,

- vir almal die waarheid vertel oor wie God is.

God in die spieëltjie

- Sien, in die tien wette is God besig om Homself bekendstel te stel
 - soos wat gebeur as jy vir die eerste keer by 'n nuwe werk begin.
 - “Goeie dag, Ek is God, jou nuwe baas... en kyk hier... dit is wie Ek is... en waarom Ek als gaan:
 - Ek is die enigste Een hier in beheer van alles – jy moenie na iets anders toe draai nie.
 - Mens kan nie prente van dinge vat en daarvoor bid en dink dis Ek nie.
 - My naam en als wat my verteenwoordig moenie mee gemors word nie.
 - Ek gee mense altyd genoeg sorg sodat hulle 1 dag uit 7 kan bekostig om te rus.
 - Ek gee ouers waardeur ek vir kinders sorg, pas hulle op.
 - Ek gee lewe, dis niemand s'n om te vat nie.
 - Huwelike en seksualiteit, het 'n spesiale plek vir my.
 - Mense se besittings is my geskenke, moenie vat wat Ek jou nie gee nie.
 - Ek is die God van waarheid en liegstories het nie 'n plek voor my nie.
 - Wees tevrede met wat jy het, Ek gee genoeg.
- ... welkom by julle nuwe werk mense!
- Ek weet nie wat jou prentjie van God is nie.
 - Wat is die goeters wat mense oor God sê?:
- Onregverdig?
 - ...klink Hy regtig vir jou onregverdig?
 - As Hy sê mense moenie mekaar se goed vat nie.
 - Waarvoor hulle gewerk het, is hulle s'n.

- Gemeen?
 - Regtig?... klink Hy gemeen?
 - Iemand wat pappas en mammas gee om oulike kindertjies groot te maak.
- Genadeloos?
 - ...Iemand wat arm, magtelose mense wat in Egipte mishandel word, red?
- Kyk saam met my in die spieël, hierdie spieëltjie vertel net die waarheid oor God!
 - ... maar ook die waarheid oor mense ...

Ek in die spieëltjie

- Hierdie spieëltjie wys nie net die waarheid oor God nie...
 - maar ook die waarheid oor mense.
 - Dat ons nie by God pas nie.
 - So wonderlik as wat God lyk,
 - so pateties lyk mense gemeet teen Hom.
- In Romeine 7:7 sê Paulus dat ons nie eers sou geweet het
 - wat verkeerd is,
 - sonde is en hoe pateties verlore ons is,
 - as ons nie die wet gehad het om na te kyk nie.
- Martin Luther het dit so verduidelik. Ek lees 'n Engelse aanhaling: "...it is given to increase transgressions, to make a terrible situation even more desperate, and thus to reveal to human beings their sin, blindness, misery, wickedness, ignorance, hate and contempt of God,

death, hell, judgment and their well deserved wrath of God.”

- Die 10 gebooië is soos ‘n padkaart
 - as jy daarna kyk kom jy eers agter hoe vêr verdwaal jy is.
- Ek weet nie wat jou prentjie van jouself is nie.
 - Wat sê mense mos so graag?:
- Ek is eintlik ‘n goeie mens!
 - ...regtig?... goed? ...gemeet teen God?
- Ek verdien beter! ... regtig? ... het jy sóveel prestasie om te wys?
- Ek is spesiaal! ... regtig?
 - as jy net soos ander mense selfsugtig is,
 - waarheid verdraai en spog...
 - is dit nie iets wat almal maar doen nie?
- Kyk in die spieël,
 - hierdie spieëltjie vertel net klipharde waarheid!
- Nou, as jy voor hierdie spieëltjie staan en begin voel jy is in die moeilikheid voor God... geluk!
 - Want dit is presies waarvoor dit ontwerp en gegee is.
- Wat bedoel ek? ...Kom ek verduidelik...

Jesus in die spieëltjie

- In die eerste plek vertel hierdie spieëltjie vir ons
 - die reïne waarheid oor wie God is en hoe Hy gedien wil word,
 - die reïne waarheid oor onself wat dit nie kan regkry nie,
- ...en dit is presies op hierdie oomblik dat die Spieëltjie vir ons begin vertel van iemand anders in die land wat die mooiste van almal is...
 - Jesus, by wie ons moet uitkom
- Rom 9/10 verduidelik dit:

³¹Israel, daarenteen, het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so 'n wet het hulle nie uitgekom nie.

³²Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruikel ³³waarvan daar geskrywe staan:

“Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer
 waarom 'n mens struikel,
 'n rots waarteen jy jou stamp,
 maar wie in Hom glo,
 sal nie teleurgestel word nie.”

10 Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word, ²want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig. ³Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.

⁴Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.

- Waaroor praat Paulus?
 - Oor Israel, wat nie wou aanvaar wat die spieëltjie so duidelik vir hulle gesê het nie:
 - Julle kan nie in julleself genoeg wees om by my te pas nie,
 - erken dit en ek sal dit namens julle wees!
 - Hulle het nie van hierdie manier gehou nie...
 - want dit is so vernederend.
 - Hulle wou hulle eie manier kry van 'regkom'.
- Maar pragtige, foutlose, Jesus is God se manier vir mense se regkom.
 - Hy word hier **die einde** van die wet genoem [10:4].
 - Nie in die opsig dat die wet nie meer bestaan nie,
 - maar eerder as doelpunt of bestemming
 - Soos wat jy in die Kaap eindig as jy die N1 volg
 - Hy is die 'destination' waarheen die pad van die wet mense al die tyd moes lei.
 - Dis deel van die wet se werk

So, ...as jy nie 'n Christen is nie...

- Vat die waarheid van God se perfektheid in die spieëltjie van die wet...
 - en probeer asseblief die wet nakom!
 - Probeer asseblief regtig hard.
 - Sit jou alles in...
 - sodat jy uiteindelik kan ontdek dat jy niks het nie...
 - en jy by Jesus kan uitkom wat alles is.

- Om God se genade te vind is al wat jy nodig het,
 - geloof in jou niks... en in sy Alles.
- **As jy 'n Christen is...**
- Vat die waarheid van God se perfektheid in die spieëltjie van die wet...
 - en moet asseblief nie die wet probeer nakom vir vrede nie.
 - Moenie dat jou lewe daaruit bestaan
 - om als in te sit en net oor en oor met 'n skuldgevoel weg te stap
 - omdat jy 'niks' kan regkry nie.
 - Jesus het klaar namens jou reggekry,
 - Maar nou roep Hy jou om bietjie vir bietjie te leer regkry.
 - Soos wat jy rus in sy genade en luister na sy Gees in jou
- Want onthou nou saam met my:
 - Dis presies wat ons sien in Eks 19/20
 - God red Israel uit genade uit Egipte:
 - En gee dan werk vir sy mense
 - Hy het werk vir ons:
 - om 'n spieëltjie te wees waarin mense die ware storie van genade kan raaksien.
- Dit is presies waarby Petrus weer uitkom as hy in 1Pet 2v9-10 praat met Christene.
 - Ons hoor hoe Petrus aspris die woorde van Eksodus 19 vir ons laat eggo:

- ⁹Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, [HOEKOM] om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,
- Vir Christene gaan alles oor God se glorie
 - en hoe goed Hy skitter in sy goedheid,
 - goed genoeg...
 - om goed te wees vir slegte mense soos ons.

Slot

- “Spieëltjie, spieëltjie aan die wand... wie's die mooiste in die land?”
- Die wet was nooit bedoel as 'n manier om aanvaarbaar vir God te kon wees nie.
- Die wet is die enigste spieëltjie wat die waarheid praat:
 - oor God en oor alle mense en
 - oor hoe nodig ons Jesus het.
 - En dan hoe dit lyk om Jesus te dien
- “Spieëltjie, spieëltjie aan die wand... wie's die mooiste in die heelal?”
 - God!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
16 Sept 2015